# Boekbespreking

George Burnham en Lee Fisher: **Billy Graham and the New York Crusade.** Zondervan Publishing House, Grand Rapids, Michigan. Prys 16/6.

In 62 hoofstukke word in 192 bladsye eintlik niks meer as in entoesiastiese taal kort rapporte gegee van Graham se evangelisasieveldtog in New York. Een van sy preke word weergegee en dit is omtrent die enigste werklike pitkos.

Die boek open met 'n biografie waaruit blyk dat Graham sy gemeente prysgegee het vir grootskeepse evangelisasiewerk in alle dele van die wêreld. Te oordeel na die getalle wat na die samekomste gekom het, etlike miljoene, was dit 'n verbasende sukses. Geen mens kan egter die hart peil nie.

Verskillende vrae kom by 'n mens op by die lees van hierdie tipies Amerikaanse styl: waarom kom so baie na Graham se preke luister en so min kom Sondae kerk toe? Is dit sy besondere wyse van preek? Sou sy eie kerk ook Sondae vol gewees het as hy by sy gemeente gebly het?

Graham se preke is doodeenvoudig metodisties-georiënteerde massaprediking met 'n beroep op sielespanninge en moet gekwalifiseer word as senuweeprediking. Vandaar dat al sy preke eintlik net één tema het: KOM! BESLUIT NOU! Ons hoor nie: So sê die Here nie. Ons hoor geen Skrifverklaring nie. Hier word „na aanleiding" van die Skrif gepreek.

Verder lê die beslissing by elke persoon. Elkeen moet besluit of hy nou sy lewe aan Jesus wil wy. Dit is jou keuse. Dit klink darem baie simplisties om aand na aand te hoor dat dit eintlik ek is wat moet besluit en as ek besluit het, dan is ek op staande voet 'n ware gelowige. Van die bekende begrippe: afsterwing van die ou mens en opstanding van die nuwe mens, van die stryd om in te gaan deur die nou poort, hoor 'n mens eintlik nie, hoewel Graham telkens waarsku dat om Christen te wees nie die maklikste pad is nie.

Hierdie boek bevat te veel Graham, te veel 'n hulde aan hom as persoon. Nou help dit nie om te beweer dat hy 'n baie nederige persoon is, wat ook die kalklig wil vermy nie—en dan word op hierdie wyse alles juis op hom gefocus. Die informasie moet tog iewers vandaan kom. Sou dit sy meer as 300 helpers wees wat hom so huldig?

As 'n mens die Skrif lees en jou oog word gerig op die enkeling, die persoon: Saulus, Petrus, die sipier van Filippi, Lydia en so baie ander, vra 'n mens jou af waarom daar juis massale bekerings moet plaasvind. Moet die oog juis gerig word op die groot getalle, of op die diepte?

Graham sê dat hy vermaal word tussen die klippe van liberalisme en ortodoksisme. Die liberalisme het beswaar teen die verdieping van die geestelike lewe. Die ortodoksisme het beswaar teen die vervlakking van die verhouding tot God. Dit is bes te begrype. Elke Gereformeerde sal sê dat 'n mens se verhouding tot God begin nie by 'n terloopse evangelisasiesamekoms nie, maar in die ewigheid. Dit begin nie met my persoonlike beslissing nie, maar by Gods ewige welbehae, by Gods uitverkiesing.

Gereformeerdes vind vir hul geestelike lewe in hierdie boek niks nie.

S. P. VAN DER WALT.

* * *

Prof. dr. H. G. Stoker: **Praktiese Calvinisme.** Uitgegee deur Pro Rege-Pers Bpk., Potchefstroom, 1956. Prys 3/3.

In 'n vyftal flitse word kerngedagtes weergegee oor God en Wêreld, God en Mens, Mens en Gesag, Mens en Geskiedenis, Mens en Verantwoording.

Daar is tog seker in elkeen van ons die behoefte om 'n keer saam te dink met iemand wat diep grawe en ons te verlustig in die oorspronklike siening van iemand wat werklik iets raakgesien het. Moet dan werklik nie hierdie beskeie boekie van prof. Stoker vergeet nie. Elkeen van hierdie opstelle is 'n geestelike ontnugtering.

Die eerste vier is temas waaroor ons hom al uit die verlede ken, paadjies wat hy al oopgetrap het. Tog het hulle nuwe gedagterykdom en vertoon hulle aan ons 'n positiewe inhoud wat 'n baie rypere gees openbaar. Was Stoker in die verlede sterk apologeties en het hy met kragtige hand die „mag nie" gehanteer, hier is hy nou positief en kragtig in die uitbeelding van sy eie visies.

Ons wil tog hier met waardering kennis neem van 'n nuwe rigting in Stoker se denke, nl. dat die mens nie vraer is nie maar antwoorder. God vra eerste; die mens antwoord eerste. Geskiedenis is slegs die antwoording van die mens op die take aan hom deur God gestel. Nieteenstaande die feit dat hy in hoofstuk 5 hierdie begrip „antwoording" breër uitwerk, is die inhoud van hierdie begrip nog nie omlyn nie en is die konsekwensies moeilik oorsienbaar. Dat dit gedagteprikkelend is, ly geen twyfel nie.

Die begrip „verantwoording" hou „antwoord" as vanself in. Antwoording is 'n vreemde woord en moet beskou word as 'n filosofiese vryheid. Luister egter na die ryke gedagtes: Geskiedenis is die antwoord van die mens op die take wat God gestel het. Verantwoording word verklaar deur die vraag: beantwoord die antwoord van die mens aan die aan hom gestelde vrae?

Elkeen kan nou sien waar Stoker met jou heengaan. Die mens verkry 'n nuwe status — nie meer wat hy vandag is nie, slaaf, nommer, ding nie. Hy is 'n mens met 'n roeping, 'n bestemming, 'n taak. Hy is hoogstens aan God rekenskap verskuldig. Dit is omdat hy voortdurend moet antwoord. Die antwoord bring jou tien keer elke dag voor die vertikale vlak, voor God self. Jy kan in welke lewensposisie ook al staan, die nederigste of die mees verantwoordelike: elkeen word geroep tot verantwoording, omdat elkeen 'n eie taak het.

Ons kan dankbaar wees vir hierdie mooi klein werkie. Dit is nie swaar geskryf nie, lees maklik en verdien om bepeins te word.

S.P.v.d.W.

Dr. G. Brillenburg Wurth: **Ethiek en Geestelijke Volksgezondheid.** J. H. Kok, Kampen 1957. Prys 7/-.

Geestelike volksgesondheid is wat genoem word „mental health" en is sekerlik 'n saak wat besondere aandag deesdae verkry. Dit het ook inderdaad tyd geword. As talle hospitale voorsien word vir kreupeles, dowes, blindes, verlamdes, moet tog sekerlik ook gedink word aan geestelike gesondheid.

Prof. Wurth noem sy werkie 'n beskeie poging, maar dit is werklik 'n klein voortreflike werkie wat boeiend geskryf is en wat die etiek hier ter sprake bring. Vir sielkundiges en regsgeleerdes is hierdie gedagtes van besondere belang, om nie eers te spreek van die waarde vir die sosiale sorg nie. 'n Etiek wat binne die lewe staan moet hom besin oor die probleme van 'n psigies gesteurde wêreld en moet self meewerk om die versteuringe paal en perk te stel.

S.P.v.d.W.

* * *

Fula, Arthur: **Met erbarming, o Here.** Afr. Pers Bpk., 1957. 154 bll. Prys 12/- posvry.

Enkele jare gelede het Arthur Fula **Jôhannie giet die Beeld** geskryf. Dit is 'n boekie waarin 'n Bantoe in Afrikaans die probleme van sy eie mense, pas uit die stamlewe, in die stad wat deur die blanke geskep en beheers word, onder die aandag probeer bring het. Nou het Fula met 'n tweede poging gekom. **Met erbarming, o Here** is 'n verdere voorstelling van die stadsbantoe en sy strewe en probleme aan die Afrikaner. Daarin word die gordyn gelig oor hierdie mense van twee, nee, liewer van drie wêrelde. Daar is die tradisionele Bantoewêreld met sy nog voortlewende towerygeloof en Bantoesiening van die lewensverskynsels. Daar is ook die vernis-wêreld van die blanke waarin drank, geld, misdaad en singenot die lokkende groothede is gepaard met politieke verwarring en frustrasie. Ten slotte is daar die wêreld van die Christelik-beïnvloede vooruitstre-

wende Bantoedom. Die realisering van hierdie derde wêreld word deur albei die ander bedreig.

'n Noemenswaardige letterkundige werk sal dit seker nie genoem kan word nie. Die betekenis daarvan lê eerder in die informatiewe aard daarvan. Elke Afrikaanssprekende kan dit met vrug lees ter wille van die beskrywing van die nog resterende towerypraktyke en hulle houvas op die stedelike Bantoe. Ook ter wille van die tekening van die strewe onder 'n groeiende groep Bantoes om 'n beskaafde, verantwoordelike volk te word en van die probleme en struikelblokke op dié weg.

Van Fula het dit my getref: dat sy werkies nie een sterk tendensieus gekleurd is nie in elk geval nie in dieselfde mate as Paton se werk nie. Dit is eerder asof daarvan 'n stille pleidooi uitgaan om begrip en hulp.

J.H.C.

Dr. P. Geyl: **De Vitaliteit van de Westerse Beschaving** -- (Afskeidsrede as professor in Geskiedenis te Utrecht) — Wolters, Groningen, 1958, f1.50.

Dit is 'n tipies humanistiese, maar tog fris aandoende afskeidswoord, in protes teen Westerse kultuur - défaitisme soos bv. dié van Arnold Toynbee en sy opvolger in Londen, professor Barraclough, asook van die „Moral Rearmament"-beweging e.a.

Simpatiek is die geloof in die toekomstaak ook van Europa, maar die fundering in 'n „civitas Dei" ontbreek.

Kensketsend is die volgende slotwoorde: „Door Europa en zijn verleden af te vallen of uit te wissen, door te kruipen voor Rusland, door holle schuldbelijdenissen jegens de Aziatische volken, – daarmee tonen wij ons vermogen niet, en daarmee keren wij geen onheilen.

Een rampzalige eeuw? Het is een eeuw die eisen aan ons stelt. En in weerwil van de weeklagers en de dromers zie ik om mij heen verblijdende tekenen van de wil om daaraan te voldoen."

L.J.du.P.